# HEBREËRS 1:6-14

## TEMA: Jesus, die Eersgeborene

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIFVERWYSING VAN OORDENKING: HEBREËRS 1:6-14**

**Heb. 1:6 En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid.**
**Heb. 1:7 En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;**
**Heb. 1:8 maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;**
**Heb. 1:9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;**
**Heb. 1:10 en: U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande.**
**Heb. 1:11 Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt,**
**Heb. 1:12 en soos 'n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie.**
**Heb. 1:13 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?**
**Heb. 1:14 Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?**

-o0o-

### 1. EERSGEBORENE

**Heb. 1:6 En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid.**
**Heb. 1:7 En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;**
**Heb. 1:8 maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;**
**Heb. 1:9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;**

Christus Jesus, God se Seun is die Eersgeborene. Dit is altyd die Eersgeborene wat die moederskoot open en almal wat daarna volg, sal dan dieselfde eienskappe dra as die een wat die moederskoot geopen het.

Christus is die eersteling in die opstanding, sodat ons wat in onsself gesterf het, deur die bad van wedergeboorte gegaan het soos Titus sê, deur die Gees van God opgewek is. Romeine 8 verduidelik dat ons 'n nuwe skepsel in Christus Jesus is, dra dieselfde naam, dieselfde bloedlyn, DNA, dieselfde persoonlikheid.

Die oomblik as ons 'n ander persoonlikheid dra, wat teenstrydig is met die bloedlyn van Christus en nie Sy eienskappe en DNA het nie, is ons dan leuenaars. Ek moet soos Christus lyk en Christus lyk soos die Vader, dit kan nie anderster wees nie. Tydens Jesus se gebed tot die Vader, bid Hy "Vader laat hulle in Ons een wees soos Ek en U". Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons. (Joh 17:11)

-o0o-

'n Kind met sy opvolg boeties en sussies by dieselfde pa en ma dra almal dieselfde bloedlyn. Die oomblik met die eenwording in die Verbond, kon ons nie anders lyk nie, want Christus is die Eersgeborene en ons volg na Hom. Daarom sê die Hy, En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid. Heb. 1:6

Heb. 1:7 En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;

Heb. 1:8 maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;

Kyk 'n bietjie na die plek waar God die Vader, Christus in verhoog het, net vir een rede, omrede Sy volkome gehoorsaamheid en volkome onderdanigheid aan die Gees van God. Die Seun het aarde toe gekom as die vervulling van die wet en die profete. Sedert Sy geboorte was alles die resultaat van die liefde. Vader het die Troon vir Hom gegee, die Troon van God, tot in alle ewigheid en die septer van U koninkryk, is 'n regverdige septer. (vers 8)

Heb. 1:9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;

Met die fenomenale krag van God se Gees en Sy werke wat deur Christus Jesus vir ons geopenbaar word het Hy Homself gesalf met vreugde-olie.

## 2. WAARSKUWING

**Heb. 1:10 en: U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande.**
**Heb. 1:11 Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt,**
**Heb. 1:12 en soos 'n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie**

Almal wat staan aan die buitekant van hierdie Verbond (covenant) waaroor Hebreërs gaan, sal dit mee gebeur – hulle sal vergaan. Mense jy kan nie 'n koninkryk op hierdie aarde bou nie. Daar is soveel mense wat van hulle aardse skatte gode maak. Hulle spandeer meer tyd op hulle plase, hulle boerderye of hulle besighede of allerhande aktiwiteite, maar het geen verhouding met die Here nie. Sommige mense is tevrede om net op 'n Sondag kerk toe te gaan en dit is waar dit stop. Jy gaan dit nie maak nie my vriend. Ek is bitter jammer vir jou. Ongetwyfeld, jy gaan dit nie maak nie. God het al die dinge vir ons gegee as 'n middel tot die doel, maar ongelukkig misbruik mense soveel keer die gawes wat God hulle gegee het om ander mense te manipuleer.

Kyk maar 'n bietjie wat gebeur met die kinders van die Here.

- Dit is regtig kinderagtigheid en swakheid van die gees, want die oomblik as ek nou kwaad raak vir my geestelike leier dan gee ek nie meer 'n tiende nie.
- Wie is jy om God se gawes te gebruik vir manipulasie om jou vleeslike begeertes en dinge uit te voer. As jy God se gawes begin gebruik, waarvan tyd en geld ook 'n gawe is om ander mense te manipuleer, kan ek nou al vir jou sê, is jy op 'n bitter verkeerde pad. En jy sal voor God eendag moet rekenskap gee.

Die vraag is, wat doen jy met dit wat God vir jou gegee het? Is jy besig om die Verbond uit te brei? Of is jy besig om vir jouself hier 'n koninkryk te stig? Die Here sê, die oordeel gaan kom. Hy sê*: hulle sal alles vergaan, maar U bly*.

Net dit wat **in** God is, net dit wat **uit** God **en** Christus is, sal bly staan*. En hulle sal almal soos n kleed verslyt, soos 'n mantel sal U julle toerol, en hulle sal verander word, maar U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie.* Met ander woorde, dis net dit wat in Christus is, wat behoue sal bly want, alles sal vergaan maar die Woord sal nooit vergaan nie.

So is die Woord, Christus is ons redding, in Hom is daar 'n ewigheid, maar nie verder nie. En in 'n Verbond met Hom is alleenlik die ewigheid verborge. Buitekant dit, is dit oordeel.

-o0o-

### 3. VOETBANK

**Heb. 1:13 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?**

En dit is wat Christus gedoen het. Christus het vir ons die outoriteit gegee in hierdie verbond en Hy het gesê: Ek maak die vyand 'n voetbank van U voete. Ons op hierdie aarde is die voetbank van Sy voete. Dit is ons wat gegrondves is op hierdie aarde en die bose moet hulle aan ons onderwerp.

### 4. ENGELE

**Heb. 1:14 Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?**

Die engele is almal dienende geeste van God en sal saam met die wat in 'n verbond met Christus is vir ewig dien. Onthou hier op aarde is ons dienaars, ons is wel kinders van God, *maar ons is dienaars*. Ons het 'n doel om te verrig. Ons moet dissipels maak van al die nasies, ons is Sy bruid, ons moet baar en anderkant sal ons saam met Hom heers.

### 5. UURGLAS

Onlangs het ons 'n video uittreksel gesien wat my gees bedruk gelaat het oor die toestand van die wêreld.
Die uurglas is besig om baie vinnig leeg te loop. Die wêreld en sy begeerlikhede is so reg vir dit wat nou moet gebeur. Die wêreld besef iets moet gebeur, maar weet nie wat nie. En dit is wanneer God se oordeel gaan kom en die klip moet weggerol word sodat die openbaring van die opstanding kan plaasvind. En as daardie oordeel kom, waarop is jou huis gebou? Op jou eie begeertes, op jou eie rykdomme, op jou eie dinge, op jou eie wysheid, op jou eie kennis, op jou eie vlees of wat ook al? Of is jy regtig gevestig op die rots Christus Jesus? Is Hy jou fondasie? Is jou voete standvastig in Hom?

Werklik, ek het so 'n dringendheid in my hart. Die afgelope tyd besef ek," *Here, die kerk van Jesus Christus*" en ek praat van Sy ware kerk "*is nie op die plek nie*". Ek merk op hoe mense besig is om geestelik koud te raak en hoe dit moeite is om iets vir die Here te doen. Hulle gee net nie om vir hulle medemens nie, hulle praat baie maar hulle doen niks. Ek kan dit sien, ek kan dit orals sien,

### 6. VISIOENE

1. 'n Tyd gelede bedien ons nagmaal by 'n arm gemeenskap waar die Here vir my so 'n groot openbaring gee. Hy sê, ons is die **hele brood**. Die wat in Christus 'n nuwe skepsel is, is soos die brood van die lewe, ons vorm die brood. Hy sê: *dit is My liggaam wat vir julle gebreek is, word deel daarvan. Elkeen is net 'n stukkie van sy liggaam, wanneer die stukkie van die brood afgebreek word.*

2. Dit is soos 'n legkaart wat voor jou lê. Ek sien 'n visie van 'n legkaart. Die Here sê, elkeen is net 'n stukkie van die volmaakte raadsplan en skepping van God. Wanneer ons almal in plek is, dan eers sien ons hierdie volmaaktheid van God, ons sien God self, ons is die openbaring van Hom. Sodra jy slegs een stukkie van die legkaart verwyder sien jy altyd die tekorte raak. Jy fokus nie op die hele prentjie nie, omrede jou oë egter so gevestig word op die een stukkie wat nie in plek is nie. Toe sê die Here vir my, as jy nie in jou plek is nie, maak jy 'n deur oop sodat die wat rondom jou is. aangeval kan word. Hulle ondervind kwale, siektes en pes. Die mense ervaar verskeie aanslae omdat jy nie op jou plek is nie.

3. In die Salwing Kursus behandel ek hoe stap die Bruid met haar Lig. Die bruid stap nooit op haar eie lig nie, maar stap met die Lig wat haar omring. En die wat langs haar staan, stap weer op haar lig.

Graag nooi ek jou, mensekind kom in jou plek. Laat die Gees van God jou lei.
Maak reg om jou Meester te ontmoet, terwyl daar nog tyd is.

.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

-o0o-